



Wittenberg Schule

Posbus 501: Plet Rietef: 2380
Telnr. 017 821 0665 / 071 604 2804
Selnr. 071 604 3344
Faks: 086 517 5294

E-Pos: wittenbera@skvafrika.co.za or
laerskoolwittenbera@gmail.com



Woensdag, 25 Maart 2020

Geagte ouer.

Die versoek van die Departement van Basise Onderwys (DBO) is dat kontinuïteit van onderrig tydens die krisis verseker word. Verskeie ouers het ook reeds gevra dat daar van die skool se kant dringend skoolwerk aan die leerlinge deurgestuur moet word.

Die personeel het vanoggend bymekaar gekom. Ons bevind ons almal in 'n unieke situasie en ons het besef dat ons versigtig moet optree om nie op tone te trap nie. In ons bespreking moes ons die Beheerliggaam, al die ouers, personeel en veral die leerlinge in ag neem. Ons moes besluite neem wat ons hoop in almal se beste belange is en almal tevrede sal stel. Graag wil ons die volgende aan u deurgee:

- (1) Voorlopig begin die skole weer op Donderdag, 16 April 2020.
- (2) Die skole gaan nie meer op 12 Juniesluit nie. Die DBO het reeds aangedui dat die onderrigtyd wat verloor word, tydens die Junie- en September vakansie verhaal sal word. Gerugte op sosiale media dui daarop dat ons heelwaarskynlik in die week van 22 tot 26 Junie sal sluit.
- (3) Die Onderwys Departement het nog geen aangepaste skoolkalender vir die res van die jaar bekend gemaak nie. Dis verstaanbaar aangesien daar soveel onsekerheid is oor die presiese datum wanneer ons gaan begin. Die een skoolkalender wat ons wel 'n week gelede ontvang het was ongelukkig fopnuus.
- (4) Die personeel is tans besig om hulle verskeie werksindelings vir elke vak te hersien. Die werksindeling is 'n beplanning vir die kwartaal wat aandui hoe die personeel die werk vir elke vak en graad voor die begin van die eksamen (heelwaarskynlik 8 tot 10 Junie) gaan klaar kry. As die skole op 16 April begin, gee dit die personeel 8 weke tyd om die werk wat in die sillabus voorgeskryf word, te voltooi. Let wel: Dit is dieselfde aantal weke as wat ons nog maar altyd in vorige jare in die 2de kwartaal gehad het voor die eksamen.
- (5) Die versoek van die ouers dat ons skoolwerk moet stuur, is vir ons as personeel in verskeie opsigte problematies:
 - Tans is die plan dat die skole op 16 April begin en die kwartaal eers in die week van 22 tot 26 Junie sal sluit. Ons het dus eintlik 'n gewone kwartaal van 12 weke, maar korter vakansie.
 - As ons nou verwag dat die kinders tydens hulle vakansie reeds met skoolwerk moet begin raak dit 'n baie lang kwartaal. Ouers moet in ag neem dat daar daarna 'n baie korter Junie vakansie as gewoonlik is voordat die lang derde kwartaal begin. Met nog 'n korter September vakansie voor die belangrike laaste kwartaal, is ons bekommerd dat dit vir baie kinders te veel gaan wees en dat van hulle teen die einde van die jaar gaan uitbrand!
 - As personeel weet ons dat verskeie van die kinders nie die werk sal doen tydens die vakansie nie. Dit lei 'n groot bekommernis, aangesien daar dan eers weer tyd in die klas afgestaan sal moet word om die kinders tyd te gee om in te haal.
- (6) As personeel verstaan ons waarom van die ouers skoolwerk vir die kinders aanvra. Van hulle is ouers van leerlinge wat die eerste kwartaal swak gedoen het. Ander is bekommerd omdat die kinders nog vir minstens 3 weke by die huis gaan wees en soek skoolwerk om hulle besig te hou. Daarom het ons as personeel die volgende besluit:

- Die personeel voel dat hulle wel al die werk in die 8 weke voor die begin van die eksamen kan voltooi.
 - Almal is onseker of ons die kwartaal met kontak sport mag/kan voortgaan. Dit beteken dat daar 'n moontlikheid is dat ons die sportperiodes ook sal kan gebruik om met die akademie aan te gaan.
 - Die graad 4 tot 7 leerlinge het almal "Workbooks" in Wiskunde en Afrikaans ontvang waarin hulle elke dag bietjie kan werk.
 - Daar is wel by sekere vakke skoolwerk wat ons reeds nou aan die ouers kan stuur, o.a. take. Dis werk wat in die klas baie tyd in beslag neem en onderrigtyd sal spaar as dit nou reeds afgehandel kan word. Dis ook werk wat in elk geval later huiswerk sou wees. Aangesien die werk eers later in die kwartaal ingehandig kan word, sal dit nie die personeel beïnvloed as van die kinders dit nie in die vakansie doen nie. Personeel kan dan op 16 April dadelik met die werk begin.
- (7) Ouers kan ook gerus met die kinders LEES (kyk ook na www.stories.audible.com) (<https://www.amazon.com/b?device=mobile&node=18145289011>), tel (bv. in drie of tiene ens.) die tafels oefen, hoofrekeninge doen, die 4 bewerkings oefen (+, -, x en ÷) en ook hulle leer om tyd te lees.
- (8) Elke onderwyser sal op die graad se WhatsApp groep die instruksies en werk aan die ouers deurstuur.
- (9) Ouers wat wel ekstra werk wil doen kan gerus ook kyk by *Die Volksskool*. Dis 'n skoleondersteuningsentrum. Dis 'n aanlyn leerplatform vanaf graad 4 - 12 wat die hele sillabus in Wiskunde en Wetenskap dek. Die goeie nuus is dat dit alles vanaf 18 Maart tot 30 Junie gratis beskikbaar is vir elke leerling in SA. Registreer by: <https://volkskool.co.za/registreer>.
- (10) Die Departement het ook 'n leerplatform: www.education.gov.za/covid19supportpackage.aspx
- (11) Ouers moet asseblief nie skroom om die betrokke onderwyser te skakel as daar onduidelikheid is oor die werk nie.
- (12) Hierdie tyd wat almal by die huis moet bly, is ook 'n geleentheid vir families om kwaliteit tyd met mekaar te spandeer. As personeel, is ons dus versigtig om nou tonne werk op die leerlinge te laai. Ons is vol vertroue dat ons in die tweede kwartaal al die nodige werk sal kan voltooi. Sou die datum van 16 April egter aanskuif, sal die personeel noodgedwonge begin om skoolwerk per epos of WhatsApp na die ouers te stuur.

As personeel, vra ons dat ouers asseblief voldoen aan die versoek van die regering om maar die volgende 3 weke tuis te bly. Sterkte, bid vir mekaar en bly veilig!

Die personeel.